**ALGEMENE JAARVERGADERING RESOLUSIES:**

Die volgende resolusies is tydens die Algemene Jaarvergadering op 23 Oktober 2025 goedgekeur vir 2026:

**SKOOLGELDE:**

Die 2026 skoolgeld vasgestel en betaalbaar ooreenkomstig Artikel 38 en 39(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (soos gewysig) word vir goedkeuring voorgelê teen R41 250.00 per leerder per jaar.

Vervolgens word items soos volg in- en uitgesluit by skoolgelde:

Items wat ingesluit is:

- Alle vereiste akademiese opleiding.
- Vervoer na alle amptelike akademiese - en sport/kultuurekskursies (volgens ligabepalings) binne 100km radius.
- Weeklikse ekstra klasse soos geskeduleer.
- Sport- en kultuurafrigting.
- Naskoolsentrum.
- Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid (eerste Sielkundige konsultasie).
- Basiese sporttoerusting (spanverband).
- Gebruik van skoolfasiliteite vir skoolaktiwiteite.
- "Wi-Fi" by die skool.

Items wat uitgesluit is:

- Skoolklere en sportdrag.
- Handboeke en leermateriaal.
- Verbruikersitems vir take.
- Sosiale skoolfunksies.
- Materiaal vir praktiese vakke.
- Toer- en/of kamp- en kursusgelde.
- Sakrekenaars en tekenapparaat.
- Naskoolse, individuele ekstra klasse – Let wel: groepklasse is gratis.
- Professionele afrigtersfooi – bo en behalwe normale afrigtingskoste vervat in begroting.
- Langafstandvervoer – verder as 100km en nie-amptelike ekskursies.
- Persoonlike voorkeur sporttoerusting bv. krieketkolf, spykerskoene, ens.
- Persoonlike/individuele kondisionerings- en ontwikkelingsfooie. (Sport- & Kultuuraktiwiteite) asook eksterne sportakademiefooie.

Die volgende betalingsopsies is goedgekeur:

1. Eerste Paaiement:

   Die betaling van 'n eerste paaiement van 2026 se skoolgelde word voor of op 30 November 2025 verwag. (D.i. R4 125.00) Dit laat dan nege gelyke paaiemente van R4 125.00, betaalbaar in 2026, ten einde die volle skoolgelde te betaal.

2. Korting op 'n eenmalige betaling:

   - Korting van R 3 450.00 indien volle bedrag vir 2026 betaal word voor of op 31 Desember 2025.
   - Korting van R 2 200.00 indien volle bedrag vir 2026 betaal word voor of op 28 Februarie 2026.

3. Maandelikse betaling 2026:

   - Betaalbare skoolgelde word bereken as tien gelyke paaiemente vanaf Januarie tot Oktober van die skooljaar.
   - Betaling word verwag op die <u>eerste dag</u> van elke nuwe maand.
   - Indien die "eerste paaiement" reeds in 2025 betaal is, volg daar slegs nege paaiemente in 2026.
   - Die betalingspaaiement vir 2026 is <u>R4 125.00</u> per maand.
   - Indien enige maand (dit is Jan. tot Okt.) se betaling uitstaande is word die volle balans van skoolgelde vir 2026 onmiddellik opeisbaar en die rekening word aan die skool se prokureur vir invordering oorhandig.

Kwytskeldings kriteria en proses vir 2026 en magtiging van die beheerliggaam:

1. Alle ouers is verplig om skoolgeld te betaal, tensy kwytskelding toegestaan is ooreenkomstig die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, die Gauteng Skole Onderwyswet, Wet 6 van 1995, asook regulasies uitgevaardig kragtens voormelde wetgewing wat, inter alia, insluit, Staatskoerant Nr. 29311 van 18 Oktober 2006, asook die kriteria soos vervat in die Regulasies vir Kwytskelding van ouers van die betaling van skoolgeld in publieke skole, vervat in Staatskoerant nr. 29311 gedateer 18 Oktober 2006.

   **Biologiese ouers/wettige voogde is derhalwe gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skoolgelde, soos uiteengesit, ongeag huwelikstatus.**

2. Dat ouers/voogde wat beweer dat hulle nie in staat is om skoolgeld te kan betaal nie en daarop aanspraak maak dat hulle geregtig is op volle, gedeeltelike of voorwaardelike kwytskelding van betaling van skoolgeld, hierin later na verwys as die "Applikant", aansoek sal doen by die Beheerliggaam vir volle, gedeeltelike of voorwaardelike kwytskelding van die betaling van skoolgeld voor of op die laaste skooldag van Februarie 2026. **Aansoeke is slegs geldig vir die jaar waarvoor aansoek gedoen word.**
3. Dat die Applikant op 'n oorwig van waarskynlikhede sal bewys dat hy/sy geregtig is op 'n kwytskelding.
4. Dat die aansoek van die Applikant:

4.1. skriftelik moet wees en voltooi sal wees op die voorgeskrewe vorm vervat in die betrokke Regulasies (Staatskoerant nr. 29311), verkrygbaar by die skool se finansiële kantoor;
4.2. moet vervat die jaarlikse en maandelikse bruto inkomste en uitgawes van die Applikant, asook alle ander persone wat kwalifiseer as "ouers/voogde", soos vervat in die Suid-Afrikaanse Skolewet en moet gestaaf word deur middel van dokumentêre bewyse, soos vervat in die aansoekvorm;
4.3. moet besonderhede vervat van die aantal afhanklikes (leerders in openbare skole) van die Applikant;
4.4. moet uiteensit dat die aansoek vir volle, gedeeltelike of voorwaardelike kwytskelding van die betaling van skoolgeld is;
4.5. moet alle relevante feite en inligting bevat wat na die Applikant se mening sy/haar aansoek sal ondersteun;
4.6. alle aansoeke moet vergesel wees van 'n "unabridged" geboortesertifikaat.

5. Die Beheerliggaam sal geregtig wees om sodanige verdere inligting en/of feite te versoek of te bekom soos wat nodig mag wees vir die behoorlike oorweging van 'n aansoek om kwytskelding van die betaling van skoolgeld.
6. Dat 'n aansoek om kwytskelding wat nie voldoen aan die vereistes en prosedure vervat in hierdie Resolusie nie oorweeg sal word nie, tensy die Beheerliggaam oortuig kan word dat daar buitengewone omstandighede sou geld vir die nie-nakoming van hierdie prosedure.
7. Dat die Beheerliggaam geregtig sal wees om die magte vir die ontvang, oorweging en besluit van aansoeke om kwytskelding te delegeer na die Finansiële Komitee van die Beheerliggaam.
8. Dat die Applikant skriftelik in kennis gestel sal word binne sewe (7) dae na die neem van die besluit op die Applikant se aansoek.
9. Dat die Applikant wat nie saamstem met die besluit van die Finansiële Komitee van die Beheerliggaam nie, daarop geregtig sal wees om skriftelik te appèlleer na die Beheerliggaam binne vyf (5) dae na ontvangs van die besluit van die Finansiële Komitee. Die appèl sal nie deur die Beheerliggaam van die hand gewys kan word nie, tensy die Applikant eers die geleentheid gebied is om mondelings sy/haar argument aan die Beheerliggaam voor te hou.
10. Dat, onderhewig aan die reg tot appèl na die Departementshoof van die Gauteng Onderwysdepartement in terme van Artikel 40(2) van die Suid-Afrikaanse Skole-wet, Wet 84 van 1996, die besluit/bevinding van die Beheerliggaam finaal sal wees.
11. Dat die enigste kriteria vir oorweging van die toestaan van kwytskeldings deur die Finansiële Komitee van die Beheerliggaam sal wees, die vermoë van die Applikant om die skoolgeld te betaal, of 'n gedeelte daarvan, asook die kriteria soos vervat in die Regulasies vir kwytskelding van ouers van die betaling van skoolgeld in publieke skole, vervat in Staatskoerant nr. 29311 gedateer 18 Oktober 2006.
12. Dat hierdie Resolusie nie 'n ouer of die skool verhoed om 'n reëling te tref of ooreenkoms aan te gaan vir die betaling van skoolgeld op 'n ander wyse as vervat in hierdie Resolusie nie.
13. Dat die Beheerliggaam geregtig sal wees om by die toestaan van 'n kwytskelding aan die Applikant ook sodanige verdere voorwaardes daarby te voeg as wat die Beheerliggaam redelik mag ag.
14. Dat die Beheerliggaam geregtig sal wees om eie diskresie te gebruik by die toestaan van 'n kwytskelding aan die Applikant indien die beheerliggaam bewus sou wees van buitefaktore wat onder normale omstandighede nie die kwytskeldingsaansoek sou beïnvloed nie.
15. Die Beheerliggaam van Hoërskool Randburg word hiermee gemagtig om 'n alternatiewe skoolgeld vas te stel vir alle ouers wat tydig en behoorlik aansoek doen en kwalifiseer vir gedeeltelike kwytskelding van die betaling van skoolgelde. Die alternatiewe skoolgelde sal gebaseer wees op die tabelle vir kwytskelding soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys.

TOERE:

- Toere kan slegs met die betrokke ouers se toestemming en ondersteuning aangebied word .
- ‘n Leerling kan slegs ‘n toer meemaak indien die toergelde ten volle betaal is voordat die toer ‘n aanvang neem.

GOEDKEURING VAN VERGOEDING AAN OPVOEDERS IN TERME VAN ARTIKEL 38A VAN WET 84 VAN 1996:

Daar word voorgestel dat addisionele vergoeding, soos uiteengesit in die begroting, betaal sal word aan staatsaangestelde opvoeders ooreenkomstig Artikel 38A van die Suid- Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 vir die finansiële jaar 1 Januarie 2025 tot 31 Desember 2025, met dien verstande dat sodanige vergoeding slegs betaal sal word na voorlegging en goedkeuring deur die Departementshoof van die Gauteng Onderwysdepartement.

Die bogenoemde resolusies is almal aanlyn goedgekeur met ’n meerderheid van stemme van die kworum teenwoordig.